Sola Fide – Geloof alleen

Hoe kry ons deel aan die reddingswerk wat Christus op Golgota volbring het? Hieroor is die Bybel en die belydenisskrifte baie duidelik. Ons kry aan Sy reddingswerk deel slegs deur dit te glo. Ons kry nie deel aan Christus omdat die Gees eers ons harte op ’n geheimsinnige manier verander sodat ons vroom word en dan is ons dit werd en dan red Hy ons omdat ons dit werd is nie. Nee, ons hoor die Evangelie wat aan ons verkondig word, naamlik dat God ons op die kruis gered het toe ons nie gered wou wees nie en toe ons dit glad nie werd was nie. En ons glo dit. Ons draai om na Hom en ons glo dat Hý ons gered het. Sodoende ondergaan ons ‘n verandering van denke (metanoia).

Dit beteken nie dat dit die glo (die daad van geloof) is wat ons red nie. Geloof in sigself is dolleeg. Geloof is selferkende bankrotskap. Dit is die Een in Wie ons glo, wat red. Geloof besit geen eie waardigheid nie. Geloof gryp soos ’n parasiet aan Christus vas.

Só bly dit genade alleen, Christus alleen, deur die geloof alleen. Indien die geloof self iets werd was, sou dit nie meer genade alleen wees nie en ook nie meer Christus alleen nie. Ware geloof beteken om niks van jou geloof te verwag nie, maar om alles van Christus te verwag. Ware geloof beteken om op te hou glo in jou eie geloof en om in Christus te begin glo!

Die gevolg hiervan is dankbaarheid, nederigheid en nougesette gehoorsaamheid. Uit geloofsverwondering dat Hy my op die kruis gered het, gaan my lewe nou daarin op om met oorgawe vir Hom en Sy koninkryk te lewe.

C Saayman

© by skrywer - 2007
www.christelikebiblioteek.co.za